

Die skoolwapen het begin vorm aanneem nadat die skoolhoof en haar personeel dit aan die ouers opgedra het om 'n wapen te ontwerp.



Idees het begin instroom en om net een wapen daaruit saam te stel, was glad nie 'n maklike taak nie. Daar is dus 'n komitee saamgestel onder leiding aan mev. Cita Rosslee, om die talle idees in 'n finale produk te verwerk.

Die komitee het die wense van die skoolhoof, mej M.M Oosthuysen, en die personeel as riglyne gebruik en besluite begin neem. Die Steyn-familiewapen is as die mees prominente simbool gebruik en is dus reg in die middel van die wapen geplaas. Met navorsing is vasgestel dat die drie voels op die Steynwapen kwartels is, en nie eendjies is nie. Die vlinder van die Juniorskool President Steyn se wapen is behou as band met die verlede en as herinnering vir almal wat die lief en leed van daardie skool gedeel het. Dit het 'n plek in die linker boonste helfte gevind. Die boek in die derde gedeelte is simbolies van Gods Woor en Sy leiding, van die wysheid, kennis en tug, wat altesaam die ruggraat van dissipline en liefde vir die kinders vorm. Die vorm van die wapen het dieselfde gebly om die merk wat die Juniorskool gemaak het, saam te dra en daarom voort te bou. Die kleurskema van die skooldrag is in die wapen gebruik en 'n tikkie rooi is daarby gevoeg om dit op te helder en neer opvallend te maak. Omdat die leuse van die Juniorskool President Steyn: WERK en SPEEL meer toepaslik was vir die funksie van 'n Juniorskool, is besluit dat 'n nuwe leuse gevind moes word. Die voorstel wat met die meeste entoesiasme ontvang is, is gebruik en vorm reeds die uitgangspunt van die skool se beleid. "DOEN DIT NOU" is die wagwoord vir alles wat by die skool aangepak en tot stand gebring word.



